


# THABANGITA

## Dance by Tossie van Tonder & Gill Scott

## INFO
°°°°

INSPIRED BY THE CONCERN FOR CONSERVATION WE HAVE CREATED A PROGRAMME OF MOVEMENT TO CELEBRATE LIFE AS PEOPLE OF THIS COUNTRY IN THE PROFOUND AGE OF 1984.

KALAHARI

die bewaring van ons omgewing

die water krimp laag vir laag

WHERE WERE YOU WHEN I NEEDED YOU YESTERDAY

the conservation of numbers....
overpopulation

onder die somber oë van bome

ME(TA(K)(OS)MO)(S)...E)

pynlike oorgangsprosesse

slymblink en visslap

1984

time began tomorrow

hy sit op 'n klip
en dit lyk of hy wag

MA

die bewaring van verhoudings

neem my terug moeder

HAMBA KAHLE

mooiloop om kulture,
binne gemeenskaplike rituele,
te bewaar

en hy stap op die maat
van 'n wysie wat hy sing

THABANGITA BENADER DIESELFDE PROBLEEM VANUIT 'N NUWE INVALSHOEK. 'N INVALSHOEK WAT POOG OM DIE KUNSTE EN DIE INDUSTRIE TE KOMBINEER OP DIE MEES PRAKTIESE, OPVOEDKUNDIGE, SKEPPENDE EN HELENDE WYSE MOONTLIK.
DIE TAAL IS DIE LIGAAM, DIE GEREEDSKAP IS OERRITMES EN MODERNE TEGNOLOGIE IN DIE HANDE VAN VRIENDE WAT SAAM MET MY 'BERGE WIL VERSIT'.
DIE PROBLEEM?
PLOFBAARHEID VAN VERANDERING BINNE 'N KONTINENT MET DRUKKENDE DRINGENDHEDE; LATENTE WAARDES WAT DIE KONTRAPUNT WORD NAAS OORLEWING.....

DIT VERHEUG MY OM TE ERKEN (NA DIE SAMESTELLING VAN HIERDIE PROGRAM) DAT ALLE INSPIRASIE TOT DIE DANS, DIE KONSEPTUALISERING EN MUSIEK, PLAASLIK IS. 'N HEERLIK-LONENDE DISSIPLINE !

TOSSIE VAN TONDER

A PROGRAMME ON CONSERVATION? WATER, NATURE, WILDLIFE CONSERVATION? THERE MUST BE EVEN MORE TO IT THAN THAT.
THOUGHTS SLOWLY CONVERT INTO MOVEMENT IN THE WORKING COMPANY OF FRIENDS. EMBODYING THE MOVEMENT IN THABANGITA IS MY PRIVILEGE - WITH GREAT ADMIRATION FOR TOSSIE WHO HAS CHANGED MY DANCING FROM AN IDLE ENTERTAINMENT INTO AN ALL-CONSUMING INTEREST.

GILL SCOTT

INFO + →

KALAHARI :

The quality of our lives as South Africans depends on whether we can develop a much greater sensitivity to conservation. By continuing to disregard this need we are aggravating our condition of social and emotional drought. It is a desperate struggle for survival, illustrated on the practical level by the drought we are suffering right now .....

Die water krimp laag vir laag
klont swart en skubberig
selfs die skim van 'n deining verdwyn.

Ek soek die spoke van die see
in die waterige oë
van ou mans.

Kyk hoe word die trilpaling beroof
van skok verseg die walvis
om te paar.

Alle visse verloor hulle grate
en kyk hoe kleef hulle tande
netjies aanmekaar vas.

Ek sien beelde van visse
opkom uit die see
en aan oewers van riviere verstik.

MUSIC : DOLLAR BRAND


WHERE WERE YOU HIDING WHEN GOD AND I WATCHED LEAVES TAKING THEIR NEEDED FALL FROM DIZZY HEIGHTS WHILE CHILDREN PLAYED YOU SONGS OF DELIGHT TRIPPING OVER BALLS AND ROLLING HEADS AROUND A GLOWING YESTERDAY.

Let's say we breed like rabbits. Suppose that after one month, a pair of rabbits produces another pair every month. The rabbit population, month by month grows like this:

1 1 2 3 5 8 13 21 ....

This series of numbers is called the Fibanacci series. It has other connections with nature:- The spirals in pineapples, pinecones and daisies relate to the series and so do spiral sea shells. The dance is the connection between its real title (found by hopping the Fibanacci series over the code title above) and population growth.

onder die somber oë van bome
in rye geplant soos rose
puil die lewende arms en koppe
van mense uit die grond
hoor hoe speel die wind
oor hulle hande
hoor hoe tokkel hulle vingers
met die klank
van 'n land vol windharpe
hier kan ons asemhaal
sê die ronde monde
hier kan ons sing
oor drome wat altyd waarheid is



1984

Confronted by 1984, fantasy or reality?
Childhood dreams recur.

hy sit op 'n klip
en dit lyk of hy wag

hy hou 'n pakkie
onder sy jas
en hy loer na my

hy sit op 'n klip
en ek vermoed hy verwag iemand

hy hou 'n pakkie
in sy hand
en hy kyk na my

hy sit op die gesig
van 'n klip
en ek dink hy wag vir my

hy hou 'n pakkie uit na my
en hy kyk en kyk
en gryns opsetlik

hy sit
op 'n klipharde klip
en ek wéét hy wag vir my

SOUND : JOHANNESBURG BUS STATIONS

MA

Volgens die Amerikaanse bewegingsterapeut, Dr Judith Kestenberg, kan die mees basiese ritmes van die groeiende kind, soos wat hy ontwikkel, as oraal, anaal, urinaal en genitaal gekatagoriseer word. In die primêre verhouding van moeder en kind - indien die gewilligheid tot so 'n verhouding bestaan - sal moeder en kind die ritmes in mekaar se lywe wederkerend weerspieël.

neem my terug moeder
net tot vannag toe wil
ek grootoog tjoepstil
agter jou voorskoot skuil
of kring my in jou arms vas
net tot vannag toe wil
ek duim in die mond
op jou skoot kom krul
wieg my wind my
droog my kind my
maak jou maag oop
neem my terug moeder
net tot vannag toe wil
ek my hele wêreld vul

KLANK : TOSSIE VAN TONDER

met die klank
van 'n land vol windharpe
hier kan ons asemhaal
sê die ronde monde
hier kan ons sing
oor drome wat altyd waarheid is
hier word ons nooit ontwortel nie:
ons is die aarde se asem.

MUSIC : BERNARD KISBY-GREEN

## ME(TA(K)(OS)MO)(S)...E)

Evolusie gaan gepaard met pynlike oorgangsprosesse, en tans kan ons nie help om te besef dat ons in 'n oorgangstydperk met hoogs-plofbare valensies lewe nie.

Every dance is a pantomime of metamorphosis ( and so calls for a mask to facilitate and conceal transformation), which seeks to change the dancer into a god, a demon or some other chosen form of existence.
A Dictionary of Symbols. Cirlot.

slymblink en visslap
snakkend na bloed
deur sy kiewe
lê Dog sluimerend

sy skubagtige boude
word pienk en glad
en al wat hom dophou
is die vlesige wande
wat nette om hom vou

hy droom oor die helder
krag van duikbote
die asemrowende
verplettering van ruimteskepe

en niemand sê 'n woord daaroor nie

ek my hele wêreld vul

KLANK : TOSSIE VAN TONDER

## HAMBA KAHLE

Modernisering van ons omgewing verander nie alleen ons houding teenoor ruimtes wat ons bewoon nie, maar die wonderbaarlike rituele wat binne geboue, in die opelug en in die ruimte plaasvind trom 'n ewige slag uit: Respekteer die essensie van ons oer en nuwe kulture in die bewaring van beide.

Dance reflects patterns and threads of energy which bring order into chaos, on cosmic level, as well as on personal level.
Dictionary of Symbolism

en hy stap op die maat
van 'n wysie wat hy sing
'n soort hup-twee marsding

agter hom huiwer 'n paar
skadu's in deurkosyne
wat eers 'n nootjie laer sing

later meer uitgelate
en eggo's van stappe
ruk alkant van hom op

en hulle stap almal op die maat
van 'n wysie wat hulle sing
'n soort hup-twee marsding

RESTOURASIE : JOHAN VAN ZYL
MUSIEK ; ANDREW TRACEY OF THE INTERNATIONAL LIBRARY OF AFRICAN MUSIC
RICK WOLFF OF STUDIO 5, MUSICIANS PRO SHOP

OPREGTE DANK AAN

BESTUUR : SPACE FRAME TEATER

BELIGTING : IAN McCALLUM

STELONTWERP: JOHAN VAN ZYL

KOSTUUMS : LOUISE DENK, SANET SMIT, adidas

GEDIGTE : ROSA KEET

DAMES EN HERE VAN DIE PERS, RADIO EN TELEVISIE ....
EN VRIENDE.